

# Redaksioneel

Hierdie uitgawe word gewy aan referate wat gelewer is by die simposium van die Fakulteit Teologie (Afdeling A) oor *Doop en Verbond – 'n terreinverkenning*. 'n Kort samevatting van die hoofpunte wat in die bespreking na vore gekom het, word ook ingesluit.

Die aanleiding tot die simposium moet in die eerste plek gesoek word by die ontwikkelings binne die akademiese kringe van die Nederduitsch Hervormde Kerk die afgelope dekade of wat. Daar was naamlik wêreldwyd 'n vernuwing op die eksegeties-hermeneutiese terrein van die bibliologiese vakgebiede. Dit het ook neerslag gevind in die akademiese arbeid van teoloë binne die kring van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Hierdie veranderde benadering kom (om dit baie eenvoudig te stel) daarop neer dat daar in die hantering van die Skrif en die vraag na sy betekenis tans groter klem gelê word op die verbande of kontekste waarin woorde of gedeeltes in die Bybel funksioneer. Dit het onvermydelik daartoe gelei dat die skriftuurlike begroning van tradisionele en resente standpunte en uitsprake binne die Kerk, al hoe meer onder die loep gekom het. Dit is dan ook nie verbasend dat sake soos die tradisionele verbondsteologie en die verband tussen doop en verbond in hierdie wetenskaplike gesprek ter sprake gekom het en dat dit uiteindelik op 'n simposium bespreek is nie.

'n Minder direkte aanleiding tot die simposium is die feit dat moderne wederdoperse groepe die openbare aandag sterk vestig op 'n saak soos die doop. Dit was egter nie die bedoeling met die simposium om antwoorde te gee op vrae wat uit hierdie oord aan die Kerk gerig word oor die kinderdoop nie. Dit behoort duidelik te wees uit die temas van die referate.

In die algemeen kan gestel word dat die simposium geslaag het in die doel om die wye terrein wat ooplê wanneer daar gepraat word oor doop en verbond, te verken. Die redaksie vertrou dat die publikasie van die referate die diskussie oor hierdie onderwerp en die beoefening van die teologie in die Kerk sal dien.